Christelike Onderwyskommissie

In die vorige Kerkwerf is gekyk na die eerste saak wat in die nasionale beleid oor religie in openbare skole aangespreek word, naamlik Religieuse Onderrig. Dit is gewoonlik deel van die vak Lewensoriëntering en leerlinge word onderrig oor alle gelowe op 'n neutrale wyse.

Die tweede aspek wat in die beleid vervat word is *Onderrig in 'n spesifieke geloof*. Die beleid erken dat onderrig in 'n spesifieke geloof eerstens die taak van die huis, familie en kerk is, maar skep tog geleentheid daarvoor in openbare skole. 'n Openbare skool moet byvoorbeeld toelaat dat 'n predikant van 'n Christelike kerk (indien versoek) met leerlinge kan praat oor geloof vanuit 'n Bybelse perspektief. Verder mag Christelike verenigings ook in die skool vergader. So 'n byeenkoms mag egter nie deel van die gewone akademiese program van die skool wees nie. In praktyk beteken dit dat sulke aktiwiteite gedurende pouses moet plaasvind en vrywillig moet wees. Ons sien dan ook dat dit dikwels so in openbare skole toegepas word en dat leerlinge gedurende pouses vergader vir (bv.) Bybelstudie. Die vraag is natuurlik of ons uit gereformeerde verband nie hierdie geleentheid beter kan benut nie. Vir baie leerlinge kan sulke byeenkomste gedurende pouses dalk die enigste geleentheid wees waar hulle die Woord van God hoor of hulle daarin kan verdiep.

Volgende keer kyk ons na die derde en laaste aspek, naamlik godsdienstige vieringe soos saalopeninge. Daarna word gefokus op die implikasies van die beleid vir die Christenouer en –leerling.

- Kobus Mentz

GKSA BEROEPENUUS
BEROEPE ONTVANG

- Prof J Smit (Johannes) van die Teologiese Skool Potchefstroom na Lichtenburg.
- Ds JC van Dyk (Jannes) van Ventersdorp na Durban-Noord.

Beroepbaar gestel: Proponent GD Oosthuizen (Orrie)

Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.
Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.
Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak
Susters van wyke B1en B2 versorg vandag die tee en koffie

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 39 Sondag 25 November 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600** **Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Koos Theron** E3 **Frans Drijfhout** E4, diaken wyk E3 is **Matthys van Tonder** en E4 **is vakant.**
Teeskink na die erediens: Susters van wyke B1 en B2. **Sonja Venter en Lenie Bouwsema**
Bussiediens: Vandag ry **Gert Kruger** 072 314 5534
Sondag **2 Desember** ry **Terence Kent** 072 617 7553

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENS Albei dienste word gelei deur prof Callie Coetzee

OGGEND: **Skriflesing:** Spreuke 3: 13 - 19; 10: 18 - 23; Jakobus 3: 13 - 18.
Teks: Jakobus 3:17
SING: (Vooraf: Psalm 100: 1 - 4) Skrifberyming 35: 1, 2, 3 (Tema 2 – 5);
Psalm 19: 4, 5; Skrifberyming 16:1 – 4 (Tema 11 – 3); Psalm 90: 7, 9

AAND: Skriflesing: Hebreërs 4: 12 - 5: 10.
Teks: Hebreërs 4: 16
SING: Psalm 145: 1, 3, 5; Psalm 25: 2, 3; Psalm 27: 3, 4

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir die **Uitdra van dieEvangelie**
Die kollektes vanaand in banke en by deure is vir Gereformeerde Kerk Cachet.
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir ons **Jeug.**
Onthou ons Diakonie se versoek om ekstra ondersteuning voor die vakansie.

Dagboek

1 Des: **Laaste *Op die Kerkwerf* van dié jaar**
6 Des: **NWU sluit**
12 Des: **Skole sluit**

LIEF EN LEED

OORLEDE

Betsie van der Smit is verlede Sondag in die ouderdom van 87 jaar oorlede en is Vrydag vanuit ons kerk begrawe. Sy en haar man was vir baie jare lidmaat in ons gemeente. Die begrafnis is waargeneem deur prof Callie Coetzee. Ons bid al haar geliefdes die Here se troos toe.

Elean Coetsee van Huis Eikelaan SB 22 is die afgelope week oorlede. Die begrafnis is Maandagoggend. Die teraardebestelling is om 09:30 in die nuwe begraafplaas en die diens om 11:00 in die kapel by Huis Eikelaan. Die begrafnis word waargeneem deur prof Callie Coetzee. Ons dink haar haar geliefdes in hierdie dae.

GEBOORTE Klaas en Malie Wyma en Mietsie Harman het 'n kleindogter ***Marli*** ryker geword. Baie geluk aan die grootouers.

Groot dank aan die Susters

Baie dankie aan elkeen wat verlede Sondag gehelp het met die verversings vir die Kerssangdiens. Op kort kennisgewing het julle voorwaar julle vrou gestaan en my uit my benoudheid gered. Julle is wonderlik. *- Karin*

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende dié week verjaar baie geluk met jou verjaardag:

25 Nov	**Kelienke Prinsloo,** Landsbergstraat 16. Wyk E2
	Maarten v d Walt, Huis Eikelaan S52, ☎ 082 880 7638 Wyk C2
26 Nov	**Matthys van Tonder,** Rivierstraat 22, ☎ 076 294 2998 Wyk A5
27 Nov	**Fanie Jooste,** Van Riebeeckstraat 60, ☎ 082 840 1156 Wyk A2
28 Nov	**Willem de Klerk,** Kabadwoonstel 2, ☎ 082 468 1264 Wyk A7
30 Nov	**Lewies Coetzee,** Villa Louanne 8, ☎ 071 887 1815 Wyk A5
	Kobus Mentz, Malvastraat 103, ☎ 083 785 5053 Wyk A4
	Paul Schutte, Ockerselaan 9, ☎ 018 297 3267 Wyk A3

Nuus van die Duitse sendingveld

Die eerste Sondagoggend nadat die Gereformeerde Kerk (SERK) Hannover verlede jaar gestig is, het gereformeerde broers en susters uit verskillende kontinente en lande groot vreugde beleef. Veral Francesco*, 'n Meksikaan wat al vir sowat twee dekades in Duitsland woon, sou vir onverwagte emosies sorg.

Alhoewel dit die eerste amptelike erediens van die pas gestigte gemeente was, het die meeste van die lidmate en besoekers 'n gewone erediens verwag. In Noord-Duitsland word stemmige, gereserveerde gedrag hoog aangeskryf. Miskien nie heeltemal so kil of koud of gedistansieerd soos in die Skandinawiese lande nie, maar darem normaalweg veel stemmiger en meer gereserveerd as verder Suid in Duitsland of Oostenryk, om van die lande by die Middellandse See (Griekeland, Italië, Spanje of Suid-Frankryk) glad nie eers te praat nie. Hiér dra 'n mens jou emosies nie op jou mou nie.

Aan die begin van die diens het die gemeente uit volle bors Psalm 105:1-5 gesing – oor die verbondstrou van ons Vader in Christus. Die begeleiding is waargeneem deur ons Nieu-Seelandse broer, wat besonder begaafd is en wat al met bekende orkeste as konsertpianis opgetree het.

Ná die Skriflesing uit Handelinge 28 en Romeine 10 was Francesco* aan die beurt om sy geloofsbelydenis af te lê. Sy onteenseglike "Ja" op al die vrae uit die formulier vir die aflegging van belydenis van geloof was duidelik hoorbaar. Maar tóé gebeur die onverwagse. Uitroepe wat hy nie kon inhou nie – uitroepe van vreugde. Ons het amper geskrik. Sy uitbundige op-en-af spring van van blydskap, daar langs die kansel, was aangrypend.

Al was dit 'n verrassing, was dit só eg, só outentiek, só besonders. Tonele uit die geskiedenis van die sending, ook in die boek Handelinge, het 'n mens te binne geskiet. Dit was die vreugde van die omhelsing van die versoening in Christus, soos wat ons dit ook in ons gereformeerde belydenis bely.

Francesco* se opregte blydskap het daardie dag 'n onuitwisbare indruk gelaat. Só iets het ek die laaste keer by Griekwas in die Karoo, of by SeSothos by Boskop beleef. En nóú hier in Duitsland. Hoe groot is die Here nie – hoe onbeskryflik sy genade.

Dit is die dag deur God verkore,
die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore,
ons in die God van heil verbly.

Ag, HEER, gee nou u seëninge;
gee voorspoed, HEER, op hierdie dag
- dit is die dag van grote dinge,
die glorieteken van u mag. Ps 118:12

Victor E. d'Assonville

Die werk van dr. d'Assonville word ook vanaf Suid-Afrika ondersteun deur die VSOD (Vereeniging vir Sendingwerk onder Duitssprekendes). Indien u meer inligting will bekom, of 'n skenking of donasie wil maak, is u baie welkom om ons te kontak. e-pos: admin@vsod.co.za. webwerf: www.vsod.co.za

ATTESTATE Attestate ontvang:

Vanaf Gereformeerde Kerk Mooirivier: **Sarel van der Westhuizen,** Wallisstraat 12, 082 896 9842. Hy is in wyk B3 met ouderling Frans Coetzee en die diaken Willem van Heerden. Die wyksuster is Marie Coetsee.

Vanaf die Gereformeerde Kerk Mooirivier: **Attie en Hester Venter,** Huis Eikelaan S 24, tel 018 297 8614. Hulle is in Wyk C2. Die ouderling is Wynand Putter, diaken Reinhart Boersema en die wyksuster Lina Minnaar.

Vanaf die Gereformeerde Kerk Mooirivier: **Fanie en Annemarie Steyn,** Huis Eikelaan S46, tel 018 297 4500, sel 083 652 2009. Hulle is in Wyk C3. Die ouderling is Gerrit Badenhorst, diaken Klaas Wyma en die wyksuster is Amanda du Plessis.

Baie welkom in ons gemeente

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** Sondag 18 November was R 6 400 en die kollekte ten bate van die **Emeritaatsfonds** was R 2 260.

Die Diakonie doen 'n beroep op ons lidmate om mildelik by te dra vir ons Barmhartigheidkollekte. Die vakansie staan voor die deur en ons uitgawes word nie minder nie terwyl ons kollekte-inkomste wel minder is tydens die vakansie.

DIAKONIE SE KOSKAS

Baie dankie aan elkeen vir julle sakkies met nie-bederfbare produkte wat elke Sondag in die krat in die saal verskyn.

Ons het tans baie gewone tee, maar die rooibostee, koffie en suiker is gedaan. (verkieslik 1kg pakkies).

Die ontbytpap se plekkie is leeg. Daar is nog een pak rys en die pasta is reeds weg. 'n Blikkie of twee met tamatie en uie, pit-of soetmielies sal waardeer word. Ons het nog steeds baie konfyt. Skoonmaakmiddels is altyd nodig.

Die lidmate wat die **Almanak 2019** bestel het, kan dit in die kantoor by Johan du Plessis gaan kry.

Die Almanak van die GKSA is propvol inligting:

- Dagstukkies (lettertipe groter as dié van 2018)
- Gemeente-inligting. • Algemene-inligting
- **NUUT:** QR-skandering wat padaanwysings na kerkgeboue op jou slimfoon toon.

Slegs R84.00 per eksemplaar (aflewering, posgeld en verpakking uitgesluit)

Preekrooster vir Desember 2018

25 November	Prof Callie beide dienste
2 Desember	Jonker Venter oggend
	Ds Brahm Robinson aand
9 Desember	Prof Callie oggend
	Prof Jorrie Jordaan aand
16 Desember	Ds Ronald beide dienste
23 Desember	Ds Ronald beide dienste
25 Desember	Ds Ronald kersdiens
30 Desember	Prof Albert Coetsee oggend
	Ds Ronald aand

GEHOORSTUKKE VIR DIE EREDIENS

Gehoorstukke wat 'n mens soos oorfone op jou ore plaas is beskikbaar by ons koster Pieter Bouwsema. Maak asb. met die grootste vrymoedigheid van hierdie diens gebruik.

Raj en Mukesh Kumar is twee Teologiese Studente in ons gemeente, en hulle maak weer hul gewilde Biryani. Bestel gerus! **Fransa Vorster**

We are so thankful for the love and support you people have given us from last two years by ordering our Biryani, in-order for us to go back home from airport and come back to airport and also to visit some churches in India for our mission work during our holidays. This year also we are going to India and for that we are cooking Biryani so that we may have some financial support. The Biryani will contain a quarter of chicken and good amount of basmati rice. It will be available on 1 December from 16:00 to 18:30 at Reformed Church Bult's church hall (corner of Molen & Borcherd Street). The price will be the same as last year R70 for one portion of biryani. So, we will really appreciate your order. To place an order contact Raj 072 921 0330 via whatsapp or message. Kinds regards ***Raj & Mukesh***.